

JY EN JOU PLAASLIKE OWERHEID



Ons betaal ons
plaaslike belastings,
dus is dit die plaaslike
owerheid se plig om ons
gebied te versorg


Ons moet met
ons wyks-raadslid
gaan praat oor
hierdie gemors.

HOAP

PAMFLETTE MET RAAD VIR DIE HUISEIENAAR



REGTE EN PLIGTE




As 'n Suid-Afrikaanse burger het jy baie regte, onder meer die reg...

- om te stem;
- om oor regeringsake ingelig te word en daaraan deel te neem;
- om regverdig behandel te word deur regeringsamptenare (die *Batho Pele*-beginsels);
- om geskikte behuising, voldoende water en gepaste onderwys te ontvang.

Regte is altyd gekoppel aan pligte. Van jou pligte is

- om belastinge te betaal, bv. eiendomsbelasting (plaaslike belasting);
- om vir dienste te betaal, bv. water en elektriese krag;
- om wette, reëls en regulasies te gehoorsaam, bv. bouregulasies en verkeerswette;
- om te gaan stem in verkiesings.

Wat is die plaaslike owerheid?



In Suid-Afrika is daar drie regeringsvlakke: nasionaal, provinsiaal en plaaslik.

Die plaaslike owerheid is die naaste aan die mense, want dit hanteer baie sake wat jou daaglikse lewe raak. In baie gemeenskappe word die plaaslike owerheid "raad" of "munisipaliteit" genoem. Plaaslike owerhede moet die gemeenskap betrek by beplanning. Dit is belangrik dat jy, jou gemeenskap en jou gemeenskapsorganisasie moet saam beplan aan wat daar in julle omgewing gedoen word.



Wat is die pligte van die plaaslike owerheid?

Die plaaslike regering moet vir baie sake sorg, bv.

- dienste soos die verskaffing van water, elektriese krag, instandhouding van die rioolstelsel, vullisverwydering, die versorging van openbare plekke, straatligte;
- gemeenskapsgeriewe soos bv. biblioteke, klinieke, parke, en sportterreine;
- gebiedsbeplanning (daarby ingesluit is planne om die behuisingstekort aan te spreek), afbakening van land vir bepaalde doeleindes, bouregulasies;
- plaaslike ekonomiese bedrywighede bevorder soos bv. sypaadje-stalletjies of markte;
- paaie instandhou, spoedbrekers aanbring, oorgange en brûe vir voetgangers bou, verkeersligte oprig en bushaltes en taxi-staanplekke verskaf;
- brandbestryding;
- drank- en ander handelslisensies uitreik.




Waar kry die plaaslike owerheid geld?

Die plaaslike owerheid se belangrikste bron van inkomste is die plaaslike belastinge en diensheffings wat die inwoners en besighede betaal.

Die plaaslike owerheid stel elke jaar 'n begroting op waarin raadslede sê hoe hulle die geld wil gebruik en wat vir hulle die belangrikste is. Jy het die reg om voorstelle te maak oor jou plaaslike owerheid se begroting.





DIE BELANGRIKSTE RAAD:

- Maak gebruik van jou burgerregte en neem deel aan die bedrywighede van jou plaaslike owerheid.
- Vertel jou wyks-raadslid wat jou behoeftes is - hy is daar om jou te dien.
- Betaal jou plaaslike belastings en diensheffings.
- Eis dat jou plaaslike owerheid die gemeenskap raadpleeg in sake wat julle raak.

Wie of wat is die "plaaslike owerheid"?



Elke vyf jaar vind plaaslike verkiesings plaas om raadslede te kies. Daar is twee soorte raadslede:

- Wyks-raadslede - hulle word deur die kiesers van 'n bepaalde area of wyk verkies om die belange van die inwoners van daardie gebied te dien
- PV-raadslede (proporsionele verteenwoordiging) - hulle word deur hul politieke party verkies en verteenwoordig die beleid van hul party.

Amptenare is mense wat aangestel word om die pligte van die plaaslike owerheid uit te voer. Hulle doen verslag aan die raadslede, wat gereeld byeenkom om belangrike besluite te neem. Kopieë van raadsvergaderings-notules en van dorpswette (munisipale verordeninge of regulasies) is by munisipale kantore of openbare biblioteke beskikbaar.





As huiseenaar en stemgeregtigde kan jy eis dat raadslede aan jou verslag doen en sake opneem wat jou raak. Jy het ook die reg om raadsvergaderings by te woon en kommentaar te lewer op voorgestelle voordat dit deur die raad aanvaar word. Jy het hierdie reg ook as jy NIE vir die raadslid gestem het nie wat nou jou gebied verteenwoordig.

Wat is 'n Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP)?

Dit is 'n manier waarop die gemeenskap kan deel hê aan die beplannings- en begrotingsproses van die plaaslike owerheid. Die plaaslike owerheid gebruik die GOP om die volgende doeleindes te bereik:

- 'n ontwikkelings-visie opstel vir die lang termyn (tien jaar);
- 'n geïntegreerde ontwikkelingsplan uiteensit vir 'n mediumlengte-termyn (vyf jaar);
- 'n balans skep tussen sosiale, ekonomiese en ander ontwikkelingsbehoefte (geïntegreerde ontwikkeling);
- volledige planne en begrotings uitwerk vir elke jaar;
- die uitvoering van besluite monitor en die lewering van dienste beoordeel.

Die plaaslike owerheid is nie die enigste plek waar jy oor dienslewering kan gesels nie.

'n Paar ander organisasies lewer ook dienste wat jou daaglikse lewe raak:

- die Suid-Afrikaanse Polisie (SAPD) bestry misdaad
- die Provinsiale Onderwysdepartemente hou toesig oor skole
- Metrorail verskaf treindienste
- Golden Arrow verskaf busvervoer
- die Provinsiale Departemente van Gesondheid is verantwoordelik vir hospitale, ambulansdienste, klinieke
- Telkom verskaf telefoondienste
- In sommige gebiede word elektriese krag nie deur die plaaslike owerheid voorsien nie, maar deur Eskom of 'n ander maatskappy.



Wenke:

- Bly op hoogte van sake wat die plaaslike owerheid raak deur munisipale kennisgewings te lees in koerante, by munisipale kantore of in openbare biblioteke.
- Vind uit in watter wyk jy woon en wie jou wyks-raadslid is.
- Nooi jou wyks-raadslid om jou gemeenskap te besoek en vir julle te sê wat hy of sy vir julle doen.
- Vertel jou raadslid van jou gemeenskap se behoeftes en van enige besondere projekte in jou gebied wat hy of sy dalk kan steun.
- Jy kan vrae aan jou raadslid stel oor enigiets wat die plaaslike owerheid raak. As hy of sy nie die antwoord het nie, is dit hul plig om uit te vind en jou te laat weet.



LEES OOK DIE ANDER PAMFLETTE OOR:

- Hoe om plaaslike belasting en diensheffings te verstaan
- Hoe om jou munisipale rekening te verstaan



CITY OF CAPE TOWN
ISIXEKO SASEKAPA
STAD KAAPSTAD

Gepubliseer by Development Action Group
101 Laer Hoofweg, Observatory, 7925
Tel: (021) 448-7886 • Faks: (021) 447-1987